Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2020

ÉcoleBooks

# GESKIEDENIS (WEERGAWE 2) (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: TRANSFORMASIE IN SUIDELIKE AFRIKA NA 1750

VRAAG 2: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750

VRAAG 3: SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIEWORDING

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: TRANSFORMASIE IN SUIDELIKE AFRIKA NA 1750: DIE OPKOMS VAN DIE SOTHO-KONINKRYK ONDER KONING MOSHOESHOE

VRAAG 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750: SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE HOËVELD

VRAAG 6: SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN DIE UNIE: DIE NATURELLE GRONDWET VAN 1913

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

EcoleBooks

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet ʼn brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet ʼn opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ʼn brongebaseerde vraag óf ʼn opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET SHAKA OPGANG GEMAAK AS 'N MAGTIGE ZOELOE-LEIER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wanneer, volgens die bron, het Shaka die hoof van die Zoeloes geword? (1 x 1) (1)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, het Shaka besluit om die kort spies te gebruik? (1 x 2) (2)

1.1.3 Noem hoe Shaka bewys het dat hy 'n briljante militêre organiseerder was. (1 x 2) (2)

1.1.4 Gee 'n konsep vir die 'destabilisering van die streek wat gelei het tot 'n groot golf migrasies deur ontwortelde stamme'. (1 x 2) (2)

1.1.5 Hoe het die Zoeloe-nasie so vinnig onder Shaka se leierskap gegroei? (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Hoe, volgens die bron, het Shaka sy reputasie as die 'Swart Napoleon' gekry? (2 x 1) (2)

1.2.2 Identifiseer die wapens wat Shaka besluit het om nie meer te gebruik nie. (2 x 1) (2)

1.2.3 Met watter Europese leier is Shaka vergelyk? (1 x 1) (1)

1.2.4 Identifiseer TWEE items waarna Henry Francis en sy party gesoek het. (2 x 1) (2)

1.2.5 Lewer kommentaar op die vriendskap tussen Shaka en Henry Francis Fynn en sy geselskap (mense by hom). (2 x 2) (4)

1.2.6 Watter land word deur die Union Jack verteenwoordig? (1 x 1) (1)

1.2.7 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe Shaka daarin geslaag het om sy ryk te konsolideer. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Wanneer, volgens die bron, is Shaka gebore? (1 x 1) (1)

1.3.2 Wat, volgens die bron, was die rede vir Senzangakhona om sy seun (Shaka) uit sy stam te verbied? (1 x 2) (2)

1.3.3 Haal 'n bewys uit die bron aan wat Shaka se dapperheid toon. (1 x 2) (2)

1.3.4 Gee die name van Shaka se ouers. (2 x 1) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Wat dink jy was die bedoeling van die kunstenaar toe hy hierdie prent geteken het? (2 x 2) (4)

1.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe 'n Zoeloe-man vandag sou voel indien hy hierdie tekening sou sien. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1C met Bron 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die getuienis in Bron 1D weerspreek met betrekking tot die militêre taktieke wat Shaka gebruik het om die Zoeloe-nasie op te bou. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Shaka opgang gemaak het as 'n magtige Zoeloeleier. (6)

**[50]**

Ecolebooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN BRITSE KOLONIALISME OP DIE BEVOLKING VAN DIE KAAPKOLONIE?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die voorvaderlike profesieë wat na bewering (vermoedelik) deur die 'voorouers' aan Nongqawuse gegee is? (2 x 1) (2)

2.1.2 Noem wat die verhouding tussen Mhlakaza en Nongqawuse was. (1 x 1) (1)

2.1.3 Lewer kommentaar op, 'Sy het teruggekeer en die probleem in haar mond gedra'. (2 x 2) (4)

2.1.4 Waar het Nongqawuse die 'voorouers' ontmoet? (1 x 1) (1)

2.1.5 Na watter nasie word in die bron verwys as 'die onskuldige nasie van Phalo'? (1 x 1) (1)

2.1.6 Noem of Nongqawuse se profesie waar geword het of nie. (1 x 2) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

ÉcoleBooks

2.2.1 Watter wet, volgens die bron, is deur Ordonnansie 50 herroep (gekanselleer)? (1 x 1) (1)

2.2.2 Identifiseer die positiewe gevolge van Ordonnansie 50 vir die Hottentotte. (4 x 1) (4)

2.2.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink die Britse owerhede besluit het om Ordonnansie 50 deur te voer. (2 x 2) (4)

2.2.4 Identifiseer die enigste tekortkoming van Ordonnansie 50. (1 x 1) (1)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die konsep *Die Groot Trek* te definieer. (1 x 2) (2)

2.3.2 Noem VIER klagtes, soos in die bron vervat, wat deur die Boere as redes aangevoer is waarom hul die Kaapkolonie verlaat het. (4 x 1) (4)

2.3.3 Wat is die ander naam wat aan Ordonnansie 50 gegee is? (1 x 1) (1)

2.3.4 Wanneer het grondpryse toegeneem? (1 x 2) (2)

2.3.5 Lewer kommentaar op die redes waarom grond die oorsaak van konflik tussen die Boere en die Xhosas in die Kaap was. (2 x 2) (4)

2.3.6 Noem EEN trekleier wat ook 'n slawe-eienaar was. (1 x 1) (1)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Noem waarom die Groot Trek in 1938 herdenk is. (1 x 1) (1)

2.4.2 Verduidelik die boodskap wat deur die tekening oorgedra word. (2 x 2) (4)

2.5 Hoe ondersteun Bron 2B en 2C mekaar aangaande die impak van Britse kolonialisme op die Afrikaners? (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om die impak van Britse kolonialisme op die bevolking aan die Kaap te, verduidelik. (6)

**[50]**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG (1899–1902) OP BEIDE SWART EN AFRIKANER SUID-AFRIKANERS?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, het die lewensbestaan van Swartes in Transvaal en die Oranje-Vrystaat vernietig? (1 x 1) (1)

3.1.2 Hoeveel Swart mans was, volgens die bron, gedwing om arbeiders te wees? (1 x 1) (1)

3.1.3 Naam die DRIE soorte Swart boere wat vanaf blanke boere na die konsentrasiekamp geneem is. (3 x 1) (3)

3.1.4 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat almal na die konsentrasiekampe geneem is. (1 x 2) (2)

3.1.5 Wat dink jy was die redes waarom Swart mans eerder vir die Britte in stede van die Afrikaners wou werk? (2 x 2) (4)

3.1.6 Wanneer, volgens die bron, is afsonderlike konsentrasiekampe vir Swartes opgerig? (1 x 1) (1)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer die mense wat gedwing is om in die kampe in te trek. (3 x 1) (3)

3.2.2 Watter ander land, benewens Suid-Afrika, het konsentrasiekampe gebruik? (1 x 1) (1)

3.2.3 Waarom dink jy het die Britte die 'Verskroeide-aarde-beleid' toegepas? (1 x 2) (2)

3.2.4 Haal bewyse uit die bron aan wat bewys dat die konsentrasiekampe swak geadministreer is. (4 x 1) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskap wat deur die foto oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Verduidelik waarom jy dink die vrou probeer het om haar trane van haar metgeselle weg te steek. (1 x 2) (2)

3.3.3 Wat het op die jong Boervrou in die konsentrasiekamp gewag? (1 x 2) (2)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Wie, volgens die bron, was die hoofbevelvoerder van die Britse magte? (1 x 1) (1)

3.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die konsep *Guerrilla-oorlog* te definieer. (1 x 2) (2)

3.4.3 Wat, volgens Rees-Mogg was die redes vir die stigting van die kampe? (3 x 1) (3)

3.4.4 Lewer kommentaar oor of die rol wat Emily Hobhouse gespeel het om die omstandighede in die kampe oop te vlek, suksesvol was om meer sterftes in die kampe te voorkom. (2 x 2) (4)

3.5 Vergelyk Bron 3B en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die getuienis in Bron 3D ondersteun aangaande die impak van die Suid-Afrikaanse oorlog op beide Swart en Afrikaner gemeenskappe. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (sowat 60 woorde) om die gevolge van die Suid-Afrikaanse Oorlog op beide die Afrikaner en Swart Suid-Afrikaners te verduidelik. (6)

**[50]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as twee vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet sowat DRIE bladsye lank wees.

**VRAAG 4: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750 – DIE OPKOMS VAN DIE SOTHO-KONINKRYK ONDER KONING MOSHOESHOE**

'Daar is na Moshoeshoe verwys as ŉ militêre strateeg, diplomaat, versoener, nasiebouer en onderhandelaar.'

Bepaal die geldigheid van hierdie stelling deur te verwys na die rol wat Moshoeshoe gespeel het om die Basotho-koninkryk te verenig. **[50]**

**VRAAG 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750 – SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE HOËVELD**

'Verduidelik tot watter mate die Koloniale Uitbreiding na 1750 gelei het tot samewerking en konflik op die Hoëveld tussen die Boere, Britte en die Basotho.'

Ondersteun jou argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

**VRAAG 6: SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN DIE UNIE – DIE NATURELLE GRONDWET VAN 1913**

EcoleBooks

'Die Grondwet van 1913 het ŉ negatiewe uitwerking op die lewens van Swart Suid-Afrikaners gehad.'

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die maatskaplike en ekonomiese toestande van Swart Suid-Afrikaners ná 1913. Staaf jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou